Registrasie Vorm

Naam en van

Werktelefoonnommer | Faksnommer

Huistelefoonnommer | Selfoonnommer

E-posadres

Koste

Boma Chatlets (is ten volle toegerus) R900 per persoon
5 persone wat deel – met badkamer

Luxury Chatlets (is ten volle toegerus) R1 100 per
persoon 2 persone wat deel – met badkamer

Vir 'n virtual toer van die geriewe besoek www.konka.co.za

Betalings

Voltooi asseblief en faks na 086 524 4640 of
e-pos office@konka.co.za

Bankbesonderhede

Mosaïek, ABSA Cresta, Takkode: 516805,
Rekeningnommer: 01009131686

Gebruik asseblief die verwysing – **4829/105 as ook voorletters en van.**

Kamer R

Suite R

Totale bedrag betaal: R

Faks / e-pos bewys van betaling tesame met jou inskrywingsvorm na 086 524 4640 / office@konka.co.za.

Slegs wanneer bewys van betaling ontvang is, kan jou plek bespreek word. Besprekings sluit 15 Oktober 2010.

Navrae

Nadine van der Wateren by 083 406 0054.

mosaïek
t: 011 268 4700 / f: 011 268 4800
www.mosaiek.com / info@mosaiek.com

Aanwysings na Konka Kampe

Konka Kampe is geleë op die Rustenburgpad (R24) presies 65 km van Hoërskool Monument, Krugersdorp en 86 km van MTN hoofkantoor in Fairland.

Van MTN Hoofkantoor in 14de laan, Fairland, ry wes onderdeur twee brûe en draai regs op Hendrik Potgieter. Ry wes verby Ruimsig Gholfbaan, oor R28 verkeerslig tot by T-aansluiting. Hier draai jy regs en onmiddelik (net na Zenex) weer links na Ventersdorp. Jy ry op die Ventersdorppad, by eerste vierrigting stopstraat (Tarltonpad-kruising) regs na Rustenburg toe. Jy ry deur Magaliesburg; by vurk regs Rustenburg toe, (nie na Koster nie) 900m verby Aasvoëlkrans Natuurreservaat; by die Naauwpoort en Konka Kampe tekens, draai links, 1,2 km op regterkant nog 'n teken – 'Welkom by Konka Kampe' draai daar in en hou asseblief by die 20 km spoedgrens.

Van Pretoria ry op R28 (Krugersdorp / Pietersburg) hoofweg. By verkeerslig draai regs in Hendrik Potgieter (Sasol vulstasie) volg die boonste aanwysings. Die ander pad is die kort tolpad na Rustenburg wat naby TUT begin en by Pelindaba eindig. Neem afrit na Hekpoort volg aanwysings na Magaliesburg. T-aansluiting draai regs in R24 tot by Naauwpoort afrit en volg bogenoemde aanwysings.

Óf

N4 na Rustenburg, links af op R104 Kroondal / Buffelspoort. Draai links na Buffelspoort. Stopstraat regs na Dinie Estates tot by T-aansluiting. Draai links op R24 na Krugersdorp, ry 18 km en draai regs by Naauwpoort pad en weer regs in Konka Kampe hek.

Van Potchefstroom deur Ventersdorp, Derby na Rustenburg. T-aansluiting met R24 – draai regs na Magaliesburg op regterkant uitdraai na Naauwpoort. 1,2 km op regterkant na Konka Kampe.



grafiese ontwerp en uitleg: sheryl jackson / mosaïek grafiese dienste
011 268 4709 / sherylj@mosaiek.com

die bruid van Christus
2010 Retreat
12 tot 14 November

feminae vrouebediening van mosaiek

die bruid van Christus 2010 Retreat

Dit is weer tyd om te bespreek vir die jaarlikse *Feminae* kamp.

Ons het elke maand met ons *Feminae*-funksies gefokus op 'n spesifieke tema wat aansluit by die voorbereiding van 'n bruid in aanloop tot haar bruilof.

In Januarie was dit ***'Onthaal die Koning'***. Daar kon ons begin met gedagtes oor hoe om te onthaal, die gedagte dat die Bruidegom jou hoofgas by elke maal moet wees, en ook waar jy voorberei as bruid vir die bruilof.

In Maart het ons ***Die Paastyd*** gevier. Ons kon weer stil word met al die belangrike simbole en gebruike daarvan. Dit is ook deel van die aflegging van die ou verlede vir wanneer jy en jou bruidegom in die huwelik tree. Die Vader wil hê ons moet klaar maak met ons verlede.

In Mei kon ons weer kyk na ***ons verhoudings met mekaar*** – dit sluit ook aan as deel van jou voorbereiding as bruid. Kom ons streef na versoening. Daardie aand het ek opnuut besef ons stel mekaar teleur wanneer ons verwagtinge oor mekaar, mense en dinge koester. Kom ons kies om nie menslike idees oor mekaar te koester nie.

In Julie gaan ons stil word by die geleentheid om te weet dat 'n Winterseisoen selfs vir 'n baie opgewonde bruid kan aanbreek.

In September is dit weer tyd vir die opwinding van die romanse wat so aansteeklik is wanneer ons ons voorberei as bruid. Hooglied sal nooit weer dieselfde gehoor kan word nie.

Oktobermaand gaan ons weer die storie hoor dat ons almal uit die as kan opstaan. Verrys as bruide … afgesonder vir die bruid van Christus.

Kom dan liewe *Feminae*-vriendin …
Ek nooi jou na 'n geleentheid om te kom proe, beleef, en weet dat jy deel van die bruid van Christus is.

Op hierdie kamp gaan ons dit ervaar.
Ons sien uit om jou daar te ontmoet ...

Retreat Sprekers

Marian Fitz Gibbon

Marian is reeds die afgelope 5 jaar by ***Feminae*** betrokke en al 23 jaar in die bediening. Sy het 'n paar grade agter haar naam, onder andere in die Sielkunde, Joernalistiek, Musiek terapie en Teologie. Haar waardevolle Godgeïnspireerde insae in mense se lewens, gaan ons bou en lei in die pad om Sy stem beter te hoor. Sy en haar span gaan saam met ons die Saterdag tyd spandeer, oor hoe die bruid haar Bruidegom kan hoor roep.

Marielle de Vos

Marielle is 'n pastoor, wat 'n intieme pad stap saam met die mense van Israel. Sy gaan die simboliek van die Hebreeuse gebruike aan ons kom verduidelik die Vrydagaand en saam gaan ons op 'n simboliese pelgrimstog gaan tot waar ons as bruide kan arriveer, gereed en in afwagting op die bruidegom, die Sondag.

Bring saam

- ✓ Eie kussing is opsioneel
- ✓ Pak iets wits vir Sondag
- ✓ Stapskoene
- ✓ Geld vir snoepie of vir die restaurant
- ✓ Bring Notaboek, Bybel en pen
- ✓ Handdoek en kostuum – opsioneel

Naweek Program

Vrydag Vrydag 12de

16:00	tot	18:00	Registrasie en uitpak van tasse
18:00	**tot**	**18:30**	**Opening van die naweek**
18:30	tot	19:30	Aandete
19:30	**tot**	**21:30**	**Sessie 1: *Marielle de Vos***
		21:30	Verversings

Saterdag Saterdag 13de

07:15	tot	08:30	Stiltetyd en Ontbyt
08:30	**tot**	**10:30**	**Sessie 2: *Marian Fitz-Gibbon* & *Span***
10:30	tot	11:00	Teebreuk
11:00	**tot**	**13:00**	**Sessie 3: *Marian Fitz-Gibbon* & *Span***
13:00	tot	14:00	Middagete
14:00	tot	18:00	Tyd vir bepeinsing en rus *
18:00	tot	19:00	Aandete
19:00	**tot**	**21:00**	**Sessie 4: *Marian Fitz-Gibbon* & *Span***
		21:00	Verversings

Sondag Sondag 14de

07:15	tot	08:00	Stiltetyd
08:00	tot	08:30	Koffie & Beskuit
08:30	**tot**	**12:00**	**Sessie 5: *Marielle de Vos***
12:00	tot	12:30	Getuienisse
13:00	tot	14:00	Middagete & vertrek huistoe

*** Kyk gerus op www.konka.co.za – *'Wildlife'* & *'Teambuilding'* om 'n aktiwiteit te bespreek as jy sou wou. Reël asseblief self met Konka.**

feminae vrouebediening van mosaïek